2008 Voorsittersverslag

Bron: SABT AJV
Datum: 21 Februarie 2009

Baie dankie vir die geleentheid om namens die Raad van die SA Boerboeltelersvereniging (SABT) aan u, die lede en ander belangstellendes, oor die jaar 2008 verslag te doen.

Soos altyd, word hierdie verslag as ‘n laaste eerbewys ingelei met vermelding van lede wat ons die afgelope jaar ontval het. Jan Heymans - Bonanza Boerboele; Brink Botha - Ultra Boerboele en Anthea Turner van Wallis.

Statistiek

In 2007 is 891 honde geregistreer teenoor 886 in 2008 - ‘n verskil van vyf honde.

Die aantal opbetaalde lede het van 418 in 2007 na 515 in 2008 toegeneem - ‘n toename van 97 lede - en 150 nuwe lede het in 2008 in Suid-Afrika by ons aangesluit!

‘n Kenmerk van die jaar was die investering in ons honde en die voordele wat lede hieruit getrek het, byvoorbeeld die streekskoue, Wêreld Skou en keurderopleiding.

Die Vereniging sluit die jaar in ‘n gesonde finansiële posisie af wat bestaan uit voorraad van R85 000 en R300 000 kontant. Ek bedank graag vir Piet Visser en sy span vir die gesonde rekenkundige beginsels waarvolgens hulle hierdie organisasie se finansies bestuur.

Die verslagjaar van 2008 het ongelukkig met die verdaging van die Algemene Jaarvergadering in Februarie en die stigting van nog ‘n Boerboelorganisasie afgeskop.

Hoogtepunte

Die hoogtepunte van 2008 is egter legio en die 25ste bestaansjaar van die SABT sal nog lank onthou word. Sodanige hoogtepunte sluit in:

- Die aansienlike verbetering van kommunikasie tussen die SABT en lede deur die instelling van SMS-kennisgewings en meer inligting en dienste op die webtuiste.
- Bogenoemde het bygedra tot die vermeerdering van die aantal honde by keurpunte in Suid-Afrika met ‘n gevolglike nuutgebore belangstelling by honde-eienaars in die Boerboel en die SABT.
- Die aanbieding van suksesvolle streekskoue waaraan nie minder nie as 362 honde landwyd deelgeneem het.
- Daar sal ook nog lank gepraat word oor die sukses van die eerste volwaardige Wêreld Boerboel Skou. Die belangstelling van die algemene publiek in die Boerboel na die uitsending van die Pasella-program op nasionale televisie is maar een van die vele voordele wat telers en ander SABT-lede hieruit getrek het. Die Landbouweekblad sal ook binnekort oor die Wêreld Skou verslag doen.
- Die aanbieding van ‘n belyning- en kalibreringskursus vir al die keurders en Raadslede van die SABT waartydens ons ampsdraers opnuut opgeskerp is.
- Nog ‘n hoogtepunt is die voortgesette borgskap van Montego gedurende 2008. Sonder hierdie steun sou die SABT-byeenkomste nie op dieselfde standaard kon wees nie. Ek kondig ook met waardering aan dat Montego hul borgskap in 2009 sal voortsit. Ek vertrou dat hierdie venootskap in die toekoms sal groei tot voordeel van alle partye en die Boerboel.
- In 2008 is verkiesings vir Raadslede vir Noord-Amerika en Europa onder toesig van die SABT ook vir die eerste keer gehou. Baie geluk aan Shirley Hagler en Dolph Carstens wat in hierdie posisies verkies is.
- Die hervatting van samesprekings met EBBASA, wat hopelik in die toekoms tot eenwording van alle Boerboelorganisasies sal lei.
- Die heropening van die Ontwikkelingsregister op aanvraag van lede. Hierdie stap sal die vergroting van ons genepoel verseker.

Visie vir 2009

As ons na die jaar 2009 en die toekoms wat wink kyk, dink ek die volgende sake sal intense aandag moet geniet:

- Die uitbou van die beeld van die Boerboel deur die publiek meer in te lig en betrokke te kry by ons ras. Die media kan ‘n betekenisvolle bydrae lewer deur na keurings en skoue op plaaslike en nasionale vlak uitgenooi te word.
- Die verbetering en verfyning van ons keurproses.
- Die uitbreiding van ons keurproses deur wetenskaplike navorsing en inwerkingstelling van ‘n nageslagprestasietoetssisteem, soortgelyk aan die BLUP-waardes wat by vee gebruik word, asook ‘n stelsel van gedragsevaluering.
- Die verbetering van dienslewering aan alle lede.
- Die verbetering van kommunikasie – plaaslik en internasionaal – tussen die SABT en sy lede.
- Die opleiding en ontwikkeling van telers, keurders en senior keurders.
- Die verbetering op Raadsvlak op grond van die funksionering van die komiteestelsel. Ek sou wou sien dat lede byvoorbeeld die skoue en onderskeie komitees as meer toeganklik ervaar.
- Beter samewerking en verhoudings tussen die SABT en ander organisasies en belangegroepe, met die fokus slegs op die verbetering en uitbou van die beeld van die Boerboel.

Afsluiting

Ten slotte: ‘n Groot woord van dank aan alle SABT-lede wat die jaar 2008 met ons gedeel het en suksesvol teurgevoer het.

Baie dankie aan ons kantoorpersoneel, keurders en senior keurders, Raadslede, ouditeure, webredakteur en almal wat die SABT maak werk. Jul bydrae tot die geskiedenis en toekoms van die Boerboel kan nooit gering geskat word nie.

Aan die Raad van 2009: Die SABT sal die vlagskip vir die Boerboel bly. Hou koers en motiveer lede om op die gesonde beginsels van die SABT voort te bou. Behou die grondslag wat die sukses van 2008 vir julle gelê het en moenie van nuwe uitdagings wegskram nie.

Die SABT is kerngesond en steeds die enigste ware tuiste van die Boerboel

Frans du Toit

Voorsitter